

Die rol van die Suid-Afrikaanse strafregstelsel in die bestuur en bekamping van treitering in Suid-Afrikaanse skole

R Joubert

BSc THOD FED MEd PhD

*Mede-Professor, Departement Onderwysbestuur en Beleidstudies,
Universiteit van Pretoria*

J Wentzel

BA THOD MED PhD

*Bestuurder, Institusionele Ontwikkeling en Ondersteuning, Gauteng
Onderwysdepartement*

SUMMARY

The role of the South African criminal law system in managing and preventing bullying in South African Schools

The phenomenon of bullying is an aggressive form of conduct. This conduct includes intentional threatening behaviour, verbal and physical abuse, psychological abuse, abusive relationships and racial and sexual abuse. Although not primarily or necessarily of a criminal nature, many of the forms of conduct also constitute criminal conduct. Although research shows that the criminal justice system can be used both pro-actively and reactively in the management of bullying in schools, it would appear that school principals in South Africa are, for various reasons, unwilling to invoke the use of the criminal justice system in managing bullying. One way of doing this is by lodging a criminal charge against the bully. There are, however, other pro-active and reactive ways in which the criminal justice system can be used to manage bullying, including:

- by applying restorative justice;
- by using criminal law as a deterrent;
- co-operation between the public prosecutor and the probation officer;
- involving the South African Police Service; or
- a written warning addressed to the bully and to his or her parents.

After analysing the various options the article concludes with a recommendation that the criminal justice system ought to play a role in the management of bullying in schools. Circumspection is required, especially when lodging criminal charges. When the aid of the criminal justice system is invoked, especially in the case of a criminal charge, the following principles should be kept in mind, namely that the law regards juveniles as a group requiring special treatment with regard to the application of the criminal law and the school is an educational institution where learners are taught the standards of conduct of responsible adults in civil society.

1 Inleiding

Suid-Afrikaanse skoolhoofde is soms, om verskeie redes, onwillig om van die strafregstelsel gebruik te maak in die bestuur van leerderveiligheid.

Hierdie skuheid vir die strafregstelsel het hoofsaaklik te doen met die volgende redes: 'n negatiewe persepsie van die strafreg; die strafreg is nie altyd verbruikersvriendelik ten opsigte van kinders nie; die onkunde wat by skoolhoofde en opvoeders bestaan dat die lê van 'n strafregtelike klag of gebruikmaking van die strafregstelsel slegs tot 'n hofproses of selfs inhegtenisneming kan lei en die stigma wat aan hul skool sal kleef indien van die strafregstelsel gebruik gemaak word. Die doel van hierdie artikel is juis om aan te toon dat die strafregstelsel wel positief aangewend kan word in die bestuur van leerderveiligheid – meer spesifiek in die bestuur en bekamping van treitering¹ in Suid-Afrikaanse skole. Voordat betoog word oor hoe die strafregstelsel oordeelkundig aangewend kan word, is dit noodsaaklik om eerstens die fenomeen “treitering” kortliks te omskryf en te beskryf en die verband met misdaad aan te toon asook om aan te toon dat die Suid-Afrikaanse strafreg kinders (leerders) as 'n spesiale groep beskou wat spesiaal hanteer moet word.

2 Die Fenomeen “Treitering” (“Bullying”)

Olweus,² baanbreker met betrekking tot navorsing oor treitering, definieer die fenomeen as volg: “A student is being bullied or victimized when he or she is exposed, repeatedly and over time, to negative actions on the part of one or more other students.”

Op grond van navorsing deur Wentzel kan die aard en wese van treitering kortliks as volg omskryf word.³

“Treitering is aggressiewe gedrag. Klassieke⁴ treitering is herhaalde ‘aanvalle’ deur 'n persoon of persone in 'n posisie van mag op 'n persoon of persone⁵ wat magteloos is om teenstand te bied, met die doel om opsetlik ellende en nadeel vir die slagoffer te veroorsaak. Treitering⁶ kan verskillende vorme aanneem naamlik: fisiese treitering; psigologiese treitering;⁷ verbale treitering; kubertreitering; sosiale treitering; verhoudingsgerigte treitering; rassistiese treitering en seksuele treitering. Die gevolge (nadeel of skade) wat deur treitering vir die leerders (slagoffers) veroorsaak kan word, kan in die volgende kategorieë verdeel word: fisiese nadeel, psigologiese nadeel, sosiale nadeel en opvoedkundige nadeel.”

Volgens Wentzel,⁸ Furniss⁹ en Lawson¹⁰ is treitering *per se* nie 'n regsbegrip nie. Treitering is eerder 'n psigologiese begrip in die sin dat die faktore en omstandighede wat daartoe aanleiding gee dat leerders boelies word dikwels psigologies gemotiveer kan word. Die begrip¹¹ “treitering” is

1 “Bullying”.

2 *Bullying at School* (1994) 9.

3 *Regsimplikasies van Leerderveiligheid met Verwysing na Treitering in Suid-Afrikaanse Openbare Skole* (PhD-proefskrif 2008 UP) 29–92.

4 Of tipiese treitering.

5 Die slagoffers.

6 Die herhaalde “aanvalle”.

7 Of emosionele treitering.

8 236.

9 *Bullying in Schools: It is Not a Crime – Is It?* (2000) 18.

10 *Helping Children Cope with Bullying* (1994) 87.

11 Fenomeen.

dus opsigself nie 'n misdade nie, maar volgens Wentzel,¹² Lawson,¹³ Furniss,¹⁴ en Coloroso¹⁵ kan sekere treiteringsaksies (handelinge of sekere tipes treitering) as misdade kwalifiseer mits daar aan die vereistes of elemente vir die betrokke misdade voldoen word. In sy navorsing met betrekking tot die regsimplikasies van treitering, identifiseer Wentzel¹⁶ verskeie misdade wat deel kan wees van treitering, of wat die gevolg kan wees van treitering gegrond op die wyse waarop die spesifieke treiteringsgedrag manifesteer. Lawson,¹⁷ Furniss¹⁸ en Coloroso¹⁹ sonder veral die volgende misdade uit as misdade wat deel kan wees van die treiteringsgedrag of wat die gevolg kan wees van treitering: aanranding, roof, afpersing, die dra van gevaarlike wapens op die skoolterrein, beskadiging van die slagoffer se eiendom, onsedelike aanranding, verkragting, strafbare manslag en moord. Beide die gemeenregtelike misdade “verkrating” en “onsedelike aanranding” is in die Wysigingswet op die Strafbreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede)²⁰ vervang met die wetteregtelike misdade van “verkrating” en “seksuele aanranding” onderskeidelik. Daar kan nog steeds vervolgings wees vir die gemeenregtelike misdade in gevalle waar verbode handelinge gepleeg is voor inwerkingtreding van bogenoemde Wet. Die wetteregtelike misdade is meer omvattend as die gemeenregtelike misdade en veral die twee vorme van seksuele aanranding is beide relevant ten opsigte van treitering in skole. Dié twee vorme van seksuele aanranding word hierna saam met onsedelike aanranding bespreek.

Op grond van die feit dat tipiese treitering herhalende aggressiewe gedrag behels²¹ moet verkragting, strafbare manslag en moord as die eenmalige eindresultaat van herhalende treitering gesien word. Dit gebeur ook slegs in uitsonderlike en ekstreme situasies dat die boelie sy of haar slagoffer verkrag, vermoor of die dood van die slagoffer op 'n nalatige wyse veroorsaak.

Die ander misdade vermeld,²² kan almal deel wees van tipiese treitering wat herhalend oor 'n tydperk geskied. Snyman²³ onderskei tussen die misdade “aanranding” wat bestaan uit die toevoeging van daadwerklike fisiese leed en aanranding waar die slagoffer ook gedreig word dat fisiese leed hom of haar toegevoeg gaan word.²⁴ Beide vorme kom voor as deel van treiteringsgedrag. Voorbeelde van hierdie gedrag sluit onder andere

12 236.

13 89.

14 15.

15 *The Bully, the Bullied and the Bystander* (2004) xvii–xxi.

16 291–295.

17 89.

18 15.

19 xvii–xxi.

20 32 van 2007.

21 Sien hierbo.

22 Aanranding, roof, afpersing, dra van gevaarlike wapens, beskadiging van die slagoffer se eiendom, onsedelike aanranding en seksuele aanranding.

23 *Strafbreg* (1999) 448.

24 Sien ook *S v Mtimunye* 1994 2 SACV 482 (T).

die volgende in: Boelies gebruik dikwels geweld of ook dreigemente van geweld om slagoffers se besittings, eiendom, kos of kosgeld af te neem.²⁵ Wat afpersing betref, gebeur dit dat die boelie druk op die slagoffer uitoefen dat hy of sy moet afstand doen van geld of eiendom of dat die slagoffer 'n sekere daad vir die boelie moet uitvoer soos byvoorbeeld om die opvoeder van wie die boelie nie hou nie se motorbande stukkend te sny. Hierdie druk word deur die boelie geskep deur onder andere die slagoffer te dreig,²⁶ vrees by die slagoffer te wek²⁷ of die slagoffer te intimideer deur van die wanbalans in mag gebruik te maak. Dit gebeur soms dat 'n boelie 'n onwettige vuurwapen skool toe bring. Dit kan ook gebeur dat die boelie die vuurwapen op die slagoffer rig om hom of haar af te dreig of om vrees by hom of haar in te boesem. Boelies kan ook ander gevaarlike wapens,²⁸ soos byvoorbeeld messe, skool toe bring om slagoffers af te dreig of om vrees by slagoffers in te boesem. Die genoemde voorbeelde ten opsigte van wapens kan as misdade²⁹ kwalifiseer indien daar aan die elemente van 'n misdadig voldoen word.³⁰ Boelies beskuldig dikwels die eiendom van slagoffers in hul hebsug na mag wat in die Suid-Afrikaanse regstelsel onder die misdadig "saakbeskadiging" ressorteer.³¹ Snyman³² omskryf "onsedelike aanranding" as die wederregtelike en opsetlike aanranding met die opset om 'n onsedelike daad te pleeg. Volgens Snyman³³ is die aanrandingselement by onsedelike aanranding baie kunsmatig – die slagoffer hoef nie beseer te word nie. Voorbeelde van seksuele treitering wat onder die misdadig "onsedelike aanranding" kan ressorteer is: Die boelie steek sy of haar hand onder die slagoffer se rok in sonder toestemming; die boelie sit sy of haar hand op die slagoffer (meisie) se bors – dit kan ook oor die klere wees; betasting van die slagoffer se privaatele. Onsedelike aanranding kan geskied tussen leerders van dieselfde geslag. Hierdie voorbeelde van seksuele treitering wat onder die misdadig "onsedelike aanranding" kan ressorteer, is ook van toepassing ten opsigte van seksuele aanranding – die vorm van seksuele aanranding waar iemand ("A") wederregtelik en opsetlik 'n klaer of klaagster ("B"), sonder die toestemming van B, seksueel skend. Die ander vorm van seksuele aanranding waar iemand ("A") wederregtelik en opsetlik die oortuiging by 'n klaer of klaagster ("B") wek dat B seksueel geskend gaan word, is veral ook van toepassing ten opsigte van treitering waar die boelie vrees by die slagoffer inboesem dat skade hom of haar toegevoeg gaan word.

25 Roof.

26 Bv met fisiese leed.

27 Bv dat die boelie leuens ten opsigte van die slagoffer gaan versprei.

28 Wat nie vuurwapens is nie.

29 Wetteregtelike misdade.

30 Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000; Wet op Gevaarlike Wapens 71 van 1968; Snyman 404–406.

31 Snyman 550.

32 *Idem* 453.

33 *Ibid.*

3 Spesiale Hantering van die Jeug³⁴ deur die Strafreg

Daar bestaan verskeie regsreëls wat bepaal dat 'n kind onder die ouderdom van agtien jaar spesiale beskerming en behandeling moet kry met betrekking tot die strafreg.

Kinders wat nog nie hul sewende lewensjaar voltooi het nie word onweerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Hulle kan dus nie op grond van enige doen of late deur hulle begaan voordat hulle hul sewende verjaardag bereik het aan enige misdaad skuldig bevind word nie. Vandat kinders hulle sewende lewensjaar voltooi het tot net voor hul veertiende verjaarsdag word hulle weerlegbaar vermoed ontoerekeningsvatbaar te wees. Kinders kan dus wel op grond van 'n doen of late deur hulle begaan terwyl hulle in hierdie groep is aan 'n misdaad skuldig bevind word, mits die staat die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid bo redelike twyfel weerlê. Hoe nader die kind aan die ouderdom van sewe is, hoe sterker is die vermoede van ontoerekeningsvatbaarheid en hoe nader die kind aan die ouderdom van veertien jaar is, hoe swakker is die vermoede. Elke geval moet op eie meriete beoordeel word. Wanneer die ouderdom van veertien jaar bereik word, word vermoed dat die minderjarige toerekeningsvatbaar is, maar die vermoede is weerlegbaar. Sy jeug³⁵ mag ook as versagtende omstandigheid dien.³⁶

Gebruikmaking van die strafreg in Suid-Afrikaanse skole³⁷ is dus hoofsaaklik van toepassing op boelies ouer as veertien jaar en in uitsonderlike gevalle op boelies tussen sewe en veertien jaar, meer spesifiek die groep wat nader is aan veertien jaar. 'n Baie belangrike wysiging in The Child Justice Bill³⁸ is dat die ouderdom van sewe jaar vir ontoerekeningsvatbaarheid verhoog is na tien jaar.³⁹

Die Suid-Afrikaanse gemenerereg erken ook die beginsel dat jeugdigheid 'n versagtende omstandigheid is vir straf.⁴⁰ Die proefbeampte wat die jeugdige wat 'n misdaad sou pleeg, evalueer, se evaluering en verslag word gebaseer op die jeugdige se huislike omstandighede, sy of haar ontwikkelingsvlak, gedragspatrone en volwassenheid. Die tipe vonnis wat opgelê word neem ook genoemde kriteria van die verslag in aanmerking.

Artikel 40(3) van die *United Nations Convention on the Rights of the Child*⁴¹ bepaal dat lidlande⁴² wette moet aanneem en prosedures, instansies en inrigtings in plek moet hê vir jeugdiges in konflik met die gereg. Hierdie

34 Minderjariges.

35 Jonger as agtien jaar.

36 Snyman 174–177; Neethling, Potgieter & Visser *Deliktereg* (2006) 118–120.

37 Veral die lê van 'n strafregtelike klag teen 'n boelie.

38 49 van 2002.

39 Ingevolge die Children's Act 28 of 2005 a 17 is meerderjarigheid verlaag vanaf 21 jaar na 18 jaar.

40 Le Roux "Juvenile offenders in South African criminal law" in Bezuidenhout & Joubert (reds) *Child and Youth Misbehaviour in South Africa* (2003) 186–187.

41 Res 44/25 van 1989-11-20.

42 Suid-Afrika is 'n lidland vanaf 1995-06-16, <http://treaties.un.org> (besoek op 2009-09-26).

bepaling verwys na 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges wat gelei het tot die daargestelling van die Child Justice Bill wat 'n eie strafregstelsel vir jeugdiges van stapel wil stuur wat meer verbruikersvriendelik vir jeugdiges sal wees.

Indien die Child Justice Bill 'n Wet word, sal dit bydra om 'n positiewe strafregstelselkultuur vir jeugdiges te skep wat positief aangewend kan word, ook deur die onderwys en dus ook vir treitering wat misdaad tot gevolg het. Enkele voorbeelde van bepalings wat in die Child Justice Bill vervat is wat gerig is op groter beskerming van die jeug is:

- Gebruikmaking van helende-regprogramme;⁴³
- afwenteling⁴⁴ word aanbeveel;⁴⁵
- die tronk word slegs beskou as 'n laaste uitweg vir 'n kind. Voorsiening word gemaak vir alternatiewe vonnisse vir tronkstraf;⁴⁶
- eenstop-kinderregsentrums waar met kinderstrafsake onder een dak gehandel word;⁴⁷ en
- kinders kan gevonnissen word om na 'n residensiële fasiliteit te gaan wat die ekwivalent van 'n verbeteringskool is.⁴⁸

Daar word reeds van helende-regprogramme en van afwentelingsprogramme gebruik gemaak. Die eerste eenstop-kinderregsentrums is ook al in gebruik geneem.

Ook die Grondwet⁴⁹ bepaal dat spesiale beskerming deur die strafregstelsel vir jeugdiges noodsaaklik is. Ingevolge artikel 28(1)(9) kan 'n kind onder agtien jaar slegs aangehou word as 'n laaste uitweg, asook vir die kortste toepaslike tyd. Die kind moet nie saam met ander jeugdiges ouer as agtien jaar aangehou word nie en die kind se ouderdom moet ook in ag geneem word ten opsigte van die behandeling en die omstandighede van aanhouding.

Daar bestaan ook wetgewing wat spesiale beskerming aan jeugdiges bied. Wetgewing soos artikel 153(4) van die Strafproseswet⁵⁰ bepaal dat die verhoor van 'n jeugdige *in camera* moet geskied en artikel 153(3) verbied die bekendmaking van die identiteit van 'n beskuldige onder die ouderdom van agtien jaar. Ingevolge artikel 1 van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste⁵¹ kan jeugdiges onder die ouderdom van veertien jaar wat verhoor afwag nie vir langer as 24 uur aangehou word nie voordat hulle vrygelaat word in die sorg van hul ouers, voog of geskikte persoon of in 'n plek van veiligheid geplaas word. Ingevolge artikel 2 van die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste⁵² kan jeugdiges ouer as veertien

43 A 65.

44 Kanalisering van kinders weg van die formele hofsisteem na reïntegrasieprogramme.

45 A 59.

46 A 69 & 71.

47 A 51.

48 A 67.

49 Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika Wet 108 van 1996.

50 51 van 1977.

51 17 van 1994.

52 14 van 1996.

jaar, maar jonger as agtien jaar, wat van ernstige misdade, soos moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding of aanranding van 'n seksuele aard aangekla word, wel aangehou word terwyl hulle verhoorafwagting is.

Bogenoemde is enkele voorbeelde van hoe jeugdige spesiale beskerming onder die strafreg geniet en die afleiding kan gemaak word dat die strafregstel nie werklik bedoel is vir jeugdige nie, veral nie met betrekking tot 'n strafregtelike klag wat die hele pad deur die strafhof moet loop en uiteindelik kan uitloop op gevangenisstraf nie. Skelton⁵³ merk op dat daar wel uitsonderlike gevalle van jeugmisdaad is wat wel die volle pad deur strafhove behoort te loop en wat wel kan lei tot gevangenisstraf. Sy stel dit as volg:⁵⁴

“It is submitted that diversion should be the central principle of any future juvenile justice system. The possibility of diversion should be considered in every case, and only rejected in cases where the interests or the safety of the community demands that the case be taken through the criminal justice system.”

4 Aanwending van die Suid-Afrikaanse Strafregstelsel in die Bestuur en Bekamping van Treitering in Skole

Volgens Wentzel⁵⁵ moet onderwysdepartemente, distrikte en skole voorkomend optree ten opsigte van treitering, maar skole moet ook ingryp wanneer treitering reeds plaasgevind het. Daar moet dus pro-aktief en reaktief opgetree word om die slagoffers van treitering te beskerm, asook om die regte van die slagoffers te beskerm. Uit navorsing deur Wentzel⁵⁶ blyk dit dat die strafregstelsel beide pro-aktief en reaktief gebruik kan word in die bestuur van treitering in skole. Die lê van 'n strafregtelike klag teen 'n boelie is slegs een wyse waarop die strafregstelsel aangewend kan word ten opsigte van die bestuur en hanteer van treitering. Ander wyses waarop die strafregstelsel aangewend kan word om treitering beide pro-aktief en reaktief te bestuur, is:⁵⁷

- Gebruikmaking van die helende reg;⁵⁸
- die strafreg as afskrikmiddel;
- samewerking met die staatsaanklaer en proefbeampte;
- polisiebetrokkenheid; of
- 'n waarskuwingsbrief gerig aan die boelie en sy of haar ouers.

53 “Developing a juvenile justice system for South Africa. International instruments and restorative justice” 1996 *Acta Juridica* 180–196.

54 *Idem* 189.

55 *Supra* 193–197.

56 *Idem* 280–290.

57 *Idem* 284–289.

58 “Restorative justice”.

4 1 Lê van 'n strafregtelike klag deur 'n skool

Indien die spesiale hantering van die jeug,⁵⁹ deur die strafreg⁶⁰ in perspektief geplaas word, moet die lê van 'n strafregtelike klag slegs in uitsonderlike en ernstige gevalle gebruik word, veral waar die boelie 'n gevaar vir die veiligheid van die leerders of selfs die skoolpersoneel is. Die lê van 'n strafregtelike klag is ook hoofsaaklik van toepassing op boelies in die ouderdomsgroep veertien jaar en ouer.⁶¹ Die vraag wat hier opduik is hoe ernstigheid gemeet word, met ander woorde wanneer 'n strafregtelike klag deur die skool of skoolbeheerliggaam gelê moet word. Dit is nie moontlik om rigied voorskriftelik te wees nie. Wentzel⁶² het bevind dat die Suid-Afrikaanse strafreg nie werklik voorsiening maak vir psigologiese vorme van treitering nie. Gevalle van treitering wat dus die lê van 'n strafregtelike klag regverdig sal dus hoofsaaklik fisiese vorme van treitering wees.

Leiding kan gesoek word by die Wysigingswet op Korrektiewe Dienste.⁶³ Die Wet sonder sekere misdade wat deur jeugdige tussen veertien en agtien jaar gepleeg word uit as ernstige misdade wat in die strafhof hoort.⁶⁴ Hierdie misdade kan ook van toepassing wees in gevalle van treitering, naamlik moord, verkragting, gewapende roof, ernstige aanranding en aanranding van 'n seksuele aard.

Volgens Furniss⁶⁵ is die keuse tussen die lê van 'n strafregtelike klag of die hantering van die handeling van die boelie slegs deur die skool se interne dissiplinêre stelsel debatteerbaar. Daar is sekere handelingte waaroor daar geen twyfel hoef te wees nie en waar 'n strafregtelike klag gelê moet word, soos in die geval van moord en strafbare manslag. Verkragting kan sonder twyfel as 'n derde misdaad bygevoeg word waar die lê van 'n strafregtelike klag nie debatteerbaar is nie.⁶⁶ Treitering manifesteer egter slegs in hoogs uitsonderlike gevalle as moord, strafbare manslag en verkragting en dan ook as die eindresultaat van herhaalde treitering.

Die besluit of 'n strafregtelike klag gelê moet word in die geval van aanranding is weer moeiliker aangesien aanranding kan wissel van minder ernstig tot baie ernstig. Diskresie deur die skool is belangrik, maar ook baie moeilik. Daar word aanbeveel dat in die geval van fisiese treitering wat lei tot ernstige liggaamlike skade⁶⁷ daar in alle gevalle 'n strafregtelike klag gelê moet word. Daar mag egter gevalle wees wat kan ressorteer onder aanranding waar daar geen liggaamlike skade is nie of waar die skade minimaal is waar die skool die saak kan hanteer deur slegs gebruik te maak van hul interne dissiplinêre stelsel.

59 Minderjariges.

60 Par 3 *supra*.

61 Wentzel 161.

62 *Idem* 296.

63 *Supra*.

64 A 2.

65 14–17.

66 Wentzel 281.

67 Maw ernstige aanranding.

Dieselfde beginsel ten opsigte van 'n keuse tussen die lê van 'n strafregtelike klag of interne hantering as by aanranding behoort ook te geld waar treitering manifesteer as onsedelike aanranding of seksuele aanranding of by treitering waar gevaarlike wapens betrokke is. In albei gevalle behoort 'n strafregtelike klag gelê te word, maar daar mag soos in die geval van aanranding gevalle wees waar die skool se interne dissiplinêre stelsel gebruik kan word om die situasie te hanteer. Onsedelike aanranding of seksuele aanranding kan wissel van ernstig tot minder ernstig. Elke situasie behoort op meriete beoordeel te word, maar 'n goeie riglyn om die ernstigheid van onsedelike aanranding of seksuele aanranding te beoordeel is om te bepaal in hoe 'n mate die intieme persoonlike ruimte van 'n slagoffer binnegedring word. Waar byvoorbeeld die slagoffer se privaatdele onder die klere betas word, sal 'n ernstiger indringing van die intieme persoonlike ruimte wees as waar 'n seun se broek afgetrek word of waar teen 'n dogter geskuur word. Waar 'n dogter of seun se privaatdele onder die klere betas word, kan as baie ernstig beskou word en behoort 'n strafregtelike klag gelê te word. Die ander twee voorbeelde (waar die seun se broek afgetrek word en teen die dogter geskuur word) is minder ernstig en kan deur die skool se dissiplinêre stelsel hanteer word.

Treitering waar wapens betrokke is, moet in 'n baie ernstige lig beskou word, gesien in die lig van gewelddadigheid in Suid-Afrika waar talle mense doodgeskiet of doodgesteek word. Kennis moet ook geneem word van die situasie in Amerika waar 'n geenverdraagsaamheidsbeleid ten opsigte van wapens toegepas word in die lig van skietery by skole waar talle leerders of personeel al gedood is.⁶⁸ Die riglyn behoort te wees dat 'n strafregtelike klag gelê behoort te word tydens treitering waar wapens betrokke is. Daar mag egter gevalle wees waar die boelie 'n gevaarlike wapen skool toe bring, maar die skool oortuig is dat die boelie "te gener tyd" die bedoeling gehad het om die wapen vir 'n onregmatige doel aan te wend nie en die situasie deur die skool alleen hanteer kan word. Waar boelies slagoffers met vuurwapens en ander gevaarlike wapens afdreig of hulle besittings op dié manier roof, behoort 'n strafregtelike klag gelê te word.

Wentzel⁶⁹ het bevind dat die gehalte van die Suid-Afrikaanse strafreg se respons ten opsigte van psigologiese treitering wat lewenslange letsels by die slagoffer kan laat, swak is. Die volgende is uitsonderings waar die Suid-Afrikaanse strafreg wel 'n respons bied: Die vorm van aanranding waar die boelie vrees by die slagoffer inboesem dat skade hom toegevoeg gaan word; in die geval van *crimen injuria* waar die waardigheid en privaatheid van die slagoffer aangetas word;⁷⁰ die vorm van seksuele aanranding waar die boelie wederregtelik en opsetlik die oortuiging by die slagoffer wek dat die slagoffer seksueel geskend gaan word en artikel 19 van die Wysigingswet op die Strafreë (Seksuele Misdrywe en Verwante

68 Wentzel 282.

69 296.

70 *Idem* 280.

Aangeleenthede) wat bepaal dat die blootstelling of vertoon of veroorsaking van blootstelling of vertoon van kinderpornografie of pornografie aan kinders 'n misdryf is. Al vier gevalle kan lei tot ernstige psigologiese skade by die slagoffer. Minder ernstige gevalle kan deur die skool hanteer word. Daar mag egter gevalle wees wat ernstig van aard is en waar 'n strafregtelike klag wel gelê kan word. Waar die vrees wat by die slagoffer ingeboesem word herhaaldelik plaasvind, dit die slagoffer reeds psigologies ernstig benadeel en die skool se pogings om die probleem op te los, misluk, behoort 'n strafregtelike klag gelê te word. 'n Strafregtelike klag kan ook oorweeg word in geval van *crimen injuria* wat herhaaldelik plaasvind en ook in die teenwoordigheid van ander gebeur. Vorme van *crimen injuria* of oortreding van artikel 18 van die Wysigingswet op die Strafreë (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede) waar die boelie pornografie aan die slagoffer stuur, beledigende seksuele opmerkings ten opsigte van slagoffer maak of kaalfoto's van die slagoffer deur middel van 'n selfoon of internet bekendstel kan ook 'n strafregtelike klag regverdig afhangende van die feite van die situasie. In paragraaf 2 is ook misdade soos roof, afpersing en beskadiging van die slagoffer se besittings genoem as misdade wat dikwels deel vorm van treitering. Die feite van elke geval sal bepaal of die skool die saak slegs intern kan hanteer en of die strafregtelike klag oorweeg moet word. Dit is ook raadsaam dat skole gebruik maak van regspraktisyns⁷¹ se advies as dit problematies is om 'n keuse te maak tussen die lê van 'n strafregtelike klag of hantering deur die skole self. Skole se sielkundige dienste en beradingsdienste asook departementele sielkundige dienste en beradingsdienste kan ook as remedies opsigself beskou word en kan deel uitmaak van die proses van hantering deur die skool se dissiplinêre stelsel vir die rehabilitering van die boelie en genesing by die slagoffer. Ook waar 'n strafregtelike klag gelê word kan hierdie dienste 'n rol speel in die rehabilitering van die boelie, veral waar daar goeie samewerking is met die staatsaanklaer en proefbeampte. Hierdie aspek word later in hierdie afdeling bespreek. Ouerbetrokkenheid⁷² kan soms 'n bydrae lewer sodat die pynlikheid van die hele proses verlig word. Skole behoort in alle gevalle waar 'n strafregtelike klag gelê word ook hulle eie dissiplinêre proses te volg vir die doel van rekordhouding indien die strafregtelike klag nie deurgevoer word nie of om moontlike, latere aanspreeklikheid te verhoed.

Die volgende aspekte is belangrik met betrekking tot die lê van 'n strafregtelike klag:⁷³

- Die skool moet nie 'n strafregtelike klag lê ten opsigte van 'n nietigheid nie. Volgens die *de minimis*-beginsel hoef die polisie nie 'n saak te open as dit kleinlik en nie ernstig is nie. Daarom moet die skool in gevalle wat nie ooglopend is nie, eers 'n ondersoek doen om seker te maak of die geval ernstig genoeg is vir die lê van 'n strafregtelike klag.

71 Privaat, as lid van die skoolbeheerliggaam, of departementeel.

72 Die boelie se ouers en die slagoffer se ouers.

73 Wentzel 283.

- Die skool moet dit nie sonder meer aanvaar as die polisie weier om 'n saak te open nie – veral as die skool oortuig is dat dit ernstig genoeg is. Die skool behoort in so 'n geval regsadvies in te win ten opsigte van hoe te werk gegaan moet word indien die polisie weier om 'n saak te open.

Ten slotte moet gemeld word dat dit die ouers van die slagoffer se reg is om ten opsigte van enige misdaad 'n strafregtelike klag te lê indien die boelie toerekeningsvatbaar is.⁷⁴

4 2 Helende reg (“Restorative justice”)

Helende reg,⁷⁵ asook dat die oortreder moet vergoed vir die nadeel⁷⁶ wat hy of sy die slagoffer toegevoeg het,⁷⁷ kan van groot waarde wees nadat 'n strafregtelike klag gelê is met betrekking tot ernstige treitering. Afwenteling is juis gebaseer op helende reg. Nadat 'n strafregtelike klag teen 'n kind⁷⁸ (boelie) gelê is, moet hy of sy deur 'n proefbeampte geassesseer word. Op grond van die assessering moet daar besluit word of die kind uit die hof gehou moet word deur gebruik te maak van afwenteling en of daar voortgegaan moet word met die strafsak. Die volgende is voorbeelde van afwentelingsprogramme wat veral geskik is vir boelies teen wie 'n strafsak aanhangig gemaak is: slagoffer-oortreder-mediasie en gesinskonsferensies.⁷⁹

Skelton en Batley⁸⁰ identifiseer die volgende kriteria met betrekking tot die toepaslikheid vir gebruikmaking van helende reg:

- Daar moet 'n identifiseerbare slagoffer betrokke wees;
- die slagoffer moet bereid wees om deel te wees van die proses;
- die slagoffer moet baat by die proses, in die sin dat sy of haar eer herstel moet word en daar restitusie en kompensasie met betrekking tot die slagoffer plaasvind;
- oortreders moet kan leer uit die proses en insig kry in hul optrede. Daar moet die geleentheid wees dat hulle empatie kan ontwikkel vir die slagoffer en die geleentheid kry om die situasie reg te stel; en
- 'n helende-regproses word hoofsaaklik op die behoeftes van die slagoffer gerig.

Skelton en Batley⁸¹ meld dat helende reg ook gebruik kan word vir die oplossing van geskille in skole. Helende reg kan ook as deel van die skool se dissiplinêre proses gebruik word in die bestuur van treitering in 'n

74 *Ibid.*

75 Helende reg is gebaseer op die vergifnis van die slagoffer vir die oortreder-boelie.

76 Skade.

77 Wentzel 284.

78 Die boelie.

79 Wentzel 284.

80 “Understanding Restorative Justice: Charting Progress, Mapping the Future: Restorative Justice in South Africa” (2006) 13–15

81 *Ibid.*

skool. Helende-regprosesse kan as uiters geskik beskou word, veral vir die hantering van treitering en wel om die volgende redes:⁸²

- By treitering is daar in alle gevalle 'n slagoffer betrokke wat soms ernstige fisiese, psigologiese, opvoedkundige of sosiale skade gely het. Die magsbalans tussen die boelie en die slagoffer is ook ernstig versteur. Aangesien helende reg op die behoeftes van die slagoffer gerig is, kan dit juis bydra om die skade te herstel. Die slagoffer is die belangrikste rolspeler in 'n helende-regproses. Hy of sy kan besluit of hy of sy deel wil wees van die proses. Die proses word hoofsaaklik op die behoeftes van die slagoffer gerig, veral op die herstel van die slagoffer se eer en op kompensasie en restitusie vir die slagoffer. Daar word gepoog om die skade (nadeel) wat die slagoffer gely het sover as moontlik te herstel. Die slagoffer bepaal ook of hy of sy tevrede is met die uitkoms van die proses.
- Alhoewel die proses nie hoofsaaklik op die behoeftes van die boelie gerig is nie, moet die boelie vergoed vir die nadeel (skade) wat hy of sy die slagoffer toegevoeg het. Nadat die slagoffer vertel het watter skade die treitering veroorsaak het, word daar van die boelie verwag om te sê hoe hy of sy die skade wat hy of sy aangerig het, gaan regmaak. 'n Kontrak word opgestel wat spesifiek bepaal wat die boelie moet doen om die skade te herstel en dat hy of sy dus verantwoordelikheid aanvaar vir die nadeel wat hy of sy veroorsaak het. Dit kan of behoort die vertrekpunt te wees vir die rehabilitasie of genesing van die boelie se treiteringsgedrag as hy of sy tot die besef kom watter skade die slagoffer gely het en dat daar 'n verpligting op hom of haar geplaas is om te kompenseer vir die skade. Die balans wat versteur is deur die magspel van die boelie moet dus herstel word.

Oortreder-slagoffer-mediase en gesinskferensies is twee tipes helende-regprogramme wat uiters geskik is vir gebruik tydens treitering. Afrimap⁸⁵ omskryf hierdie twee suiwer helende-regprogramme as volg:

“Victim Offender Mediation: This programme creates the opportunity for the victim and the offender to meet and work out a mutually acceptable agreement with the assistance of a mediator, with the aim of restoring the balance.”

“Family Group Conferencing: These conferences are similar to mediation in certain instances, except that they involve the families of both victim and the offender in the mediation process.”

Dit is duidelik dat hierdie twee programme in wese na aan mekaar is. Gesinskferensies is meer geskik vir jonger kinders weens die ondersteuningsfaktor van hul gesinne. Aangesien daar in albei gevalle direkte konfrontasie aanwesig is, is die gewilligheid van die slagoffer, asook sy of haar gereedheid daarvoor belangrik sodat hy of sy nie aan verdere trauma onderwerp word nie. Daar is gevalle waar die slagoffer die ontmoeting met die skuldiges as helend ervaar, maar elke saak moet op meriete hanteer word.

82 Wentzel 285.

85 Afrimap and Open Society Foundation for South Africa *South African Justice Sector and the Rule of Law* (2005) 127.

Helende-regprosesse asook ander prosesse wat nie suiwer helende-regprosesse is nie, soos portuurgroepmediasie, kan ook met vrug aangewend word as deel van die bestuur van treitering in 'n skool.⁸⁴

Op grond van die feit dat die filosofie van helende reg asook die ontwikkeling van die helende reg in Suid-Afrika as belangrik geag word en die Child Justice Bill dit ook aanbeveel, behoort dit ook in onderwys-wetgewing geïnkorporeer te word. Hier word veral verwys na die Skolewet waar helende-regprosesse nog glad nie deel uitmaak van dissiplinêre prosesse soos die dissiplinêre verhoor en skorsing en uitsetting nie. Helende-regprosesse kan met vrug aangewend word in die plek van 'n dissiplinêre verhoor. Dit kan ook selfs na 'n dissiplinêre verhoor volg waar die dissiplinêre komitee helende-regprogramme aanbeveel in plaas van skorsing en uitsetting waarin baie skoolhoofde hul vertrouwe verloor het. Dit sal veral geskik wees waar daar 'n slagoffer betrokke is – nie net in geval van treitering nie, maar ook vir enige ander geval wat toepaslik is vir die gebruik van die helende reg.

4 3 Strafrekstelsel as afskrikmiddel

Die strafregstelsel kan dien as afskrikmiddel en kan in dié sin in 'n skool ingespan word as deel van die bestuur en hantering van treitering. Snyman⁸⁵ onderskei tussen die individuele afskrikkingsteorie en die algemene afskrikkingsteorie. Volgens die individuele afskrikkingsteorie sal die individu afgeskrik word van verdere misdaadpleging as hy of sy gestraf word. Volgens die algemene afskrikkingsteorie word daar geglo dat die oplegging van straf 'n boodskap na die samelewing uitstuur – dat as hulle oortree, hulle gestraf sal word en dit hulle van verdere oortreding sal weerhou. Volgens Snyman hang die doeltreffendheid van hierdie teorie van die doeltreffendheid van die land se polisdienste, howe en gevangenisowerhede af, hoewel daar geen empiriese navorsing is om dit te bewys nie.

Skole is uniek en verskil van die breë gemeenskap met sy geharde misdadigers. Alhoewel skole van mekaar verskil wat betref die frekwensie van geweld is kinders meer ontvanklik en toeganklik met betrekking tot norme, waardes, voorbeelde, rolmodelle, kennis, opvoeding en so meer as geharde misdadigers. Die aanname word dus hier gemaak dat die strafregstelsel met sy implikasies as afskrikmiddel in 'n skool kan dien om misdaad te beperk in die algemeen, en hier meer spesifiek met betrekking tot treitering wat manifesteer as misdaad. Die volgende is voorbeelde van hoe die strafregstelsel hierdie rol in die skool kan vertolk:

- In 4 1 hierbo is aangetoon dat daar wel gevalle is waar misdaad in 'n skool gepleeg word waar dit noodsaaklik is om wel 'n strafregtelike klag te lê. Dit behoort 'n boodskap uit te stuur dat die strafregstelsel ook jeugdige kan straf, dat 'n jeugdige in hegtenis geneem kan word, dat 'n

84 Wentzel 286.

85 18–19.

jeugdige in die hof kan verskyn, na 'n verbeteringskool of nywerheid-skool⁸⁶ gestuur kan word en aan afwentelingsprogramme onderwerp kan word. Selfs waar van helende reg gebruik gemaak word, word die slagoffer vooropgestel en daar word van die oortreder verwag om op een of ander manier te vergoed vir die skade wat hy of sy die slagoffer aangedoen het.

- Leerders behoort op 'n baie elementêre wyse ingelig te word oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders moet opgelei word om hierdie kennis op 'n positiewe manier aan leerders oor te dra.
- Indien die skoolbestuur 'n goeie verhouding met die plaaslike polisie het en van die polisie gebruik maak deur hulle byvoorbeeld te nooi om voorligtingsessies aan te bied, hulle te ontbied in geval van misdaad in die skool, hulle te gebruik vir deursoeking en beslaglegging op gevaarlike wapens wat boelies skool toe bring of van die polisie gebruikmaak om 'n boelie of boelies te waarsku, word die boodskap oorgedra dat die polisie en ook die strafregstelsel die skool steun in hul stryd teen treitering en misdaad.

4 4 Samewerking (Verhoudingstigting) met staatsaanklaer en proefbeampte

Soos in paragraaf 4 1 aangetoon gebeur dit soms dat die skool 'n strafregtelike klag teen 'n leerder moet lê. Nadat 'n strafregtelike klag gelê is, is die twee belangrikste rolspelers die senior staatsaanklaer van die plaaslike landdroshof en die proefbeampte wat die leerder moet assessee.⁸⁷ Verhoudingstigting met hierdie twee rolspelers is uiter belangrik om, soos Oosthuizen⁸⁸ dit stel, hul ingesteldheid en benadering vas te stel. Dit is ook belangrik om aan die twee beamptes oor te dra dat die skool in uitsonderlike gevalle 'n strafregtelike klag teen 'n jeugdige kan lê en dat die skool beoog om ten spyte daarvan nog in die beste belang van die kind en *in loco parentis* op te tree. Dit mag byvoorbeeld wees dat die staatsaanklaer wat hoofsaaklik met geharde misdadigers gewerk het, nie 'n aanvoeling het vir die hantering van kinders as unieke groep met betrekking tot die strafregstelsel nie, en ook nie ingestel is op die skool se houding en verhouding met sy leerders nie. Die skool moet 'n ondersteunende rol speel as 'n leerder strafregtelik aangekla word. 'n Geskikte opvoeder behoort geïdentifiseer te word wat die strafregtelike proses ter ondersteuning saam met die leerder deurloop, maar ook om insette te lewer in die beste belang van die leerder. Dit kan 'n geweldige impak op die leerder se lewe hê. Die skool het ook 'n noodsaaklike rol tydens mediasie indien van afwenteling gebruik gemaak word. 'n Geskikte opvoeder behoort deel te wees van die mediasie. Eerstens kan die opvoeder 'n belangrike bydrae lewer tydens mediasie en ook verseker dat

86 "Child care centres" volgens die Child Justice Bill.

87 Wentzel 288.

88 *Praktiese wenke vir leerderdisipline* (2005) 80–81.

regverdigheid geskied. Tweedens, na die mediasie-proses, is dit dié opvoeder wat 'n positiewe rol in beide die boelie en die slagoffer se lewens gaan speel. Dit kan alleenlik gebeur as hy of sy deel van die proses was en oor die nodige inligting beskik.

Bogenoemde illustreer die belangrikheid van samewerking tussen die skool, die staatsaanklaer en die proefbeampte. Daar word aanbeveel dat die betrokke distrikskantoor die leiding neem om 'n vergadering tussen skoolhoofde, die staatsaanklaer en proefbeampte van die betrokke land-droskantoor te reël om positiewe samewerking in die beste belang van die kind te verseker. Dit sal ook bydra om 'n moontlike negatiewe persepsie en selfs vrees by skole ten opsigte van die strafregstelsel te genees wat ook tot beter samewerking sal lei.

4 5 Polisiebetrokkenheid

Polisiebetrokkenheid is 'n integrale deel van enige kinderregstelsel. Die *Beijing Rules*⁸⁹ vereis dat die polisie spesiale opleiding kry ten opsigte van die hantering van jeugdiges wat misdaad pleeg.⁹⁰ Skole behoort dus van die dienste van die polisie gebruik te maak, alhoewel dit oordeelkundig behoort te geskied, as gevolg van die vol program van die polisie. Die polisie is gewoonlik bereid om te help en dit is ook belangrik om 'n goeie verhouding met die polisie op te bou. Die "adopt a cop"-projek is 'n voorbeeld van goeie samewerking.⁹¹ In Pretoria is die polisie ook betrokke by die voorkoming van treitering en bied lesings by skole aan met betrekking tot treitering. Polisiebetrokkenheid by skole met betrekking tot treitering en misdaad het hoofsaaklik te doen met die volgende:

- In ernstige gevalle van misdaad kan die polisie ontbied word om 'n boelie in hegtenis te neem.
- Indien die skool (beheerliggaam, skoolhoof, opvoeder) 'n strafregtelike klag wil lê, word dit by die plaaslike polisiekantoor gedoen.
- Die polisie kan ontbied word om betrokke te raak by ernstige fisiese treitering waar hulle in gesprek tree met die boelie en die boelie waarsku.
- Die polisie kan gebruik word om leerders in te lig oor die strafregstelsel, wat misdaad is en wat die implikasies van misdaad is. Opvoeders kan ook deur die polisie ingelig word ten opsigte van die strafregstelsel sodat hulle voorbereid is en weet hoe om op te tree in geval van misdaad.
- Die polisie kan gebruik word vir deursoeking van leerders, veral waar boelies gevaarlike wapens skool toe bring en deursoeking en beslaglegging noodsaaklik is.

89 UN Standard Minimum Rules for Administration of Juvenile Justice, aangeneem deur AV res 40/33 van 1985-11-29.

90 Gallinetti "Police as roleplayers" in Sloth-Nielsen & Gallinetti (reds) *Child Justice in Africa* (2004) 118.

91 Wentzel 289.

- 'n Goeie verhouding met die polisie en polisie teenwoordigheid by die skool, wanneer nodig, kan ook dien as afskrikmiddel om misdaad te beperk.

4 6 Prokureursbrief

Stewart en Knott⁹² beveel ook aan dat 'n prokureursbrief aan die boelie self⁹³ of aan die ouers of voog van die boelie gerig kan word. Dit kan eerstens dien as afskrikmiddel. Die brief moet duidelik uitspel wat van die boelie en of sy ouers verwag word asook die implikasies indien daar nie positiewe reaksie is nie.

5 Gevolgtrekking

Die Suid-Afrikaanse strafregstelsel behoort 'n rol te speel in die bestuur en hantering van treitering ("bullying") in skole. Dit is belangrik dat dit oordeelkundig aangewend word, veral wanneer 'n strafregtelike klag gelê word. Wanneer die strafregstelsel wel aangewend word, veral ten opsigte van die lê van 'n strafregtelike klag, moet daar opgetree word binne die konteks van die volgende twee beginsels:

- Die reg beskou jeugdige as 'n spesiale groep wat spesiale behandeling met betrekking tot die strafreg moet kry; en
- die skool is 'n opvoedkundige inrigting wat leerders moet lei om verantwoordelike volwassenes te word.

Alhoewel die reg jeugdige as 'n spesiale groep beskou, behoort die skool die strafregstelsel oordeelkundig aan te wend ten opsigte van 'n leerder wat met die gereg bots, want die regte van mede-leerders en personeel moet te alle tye beskerm word. Die skool moet ook alle ander remedies tot sy beskikking aanwend om die leerder op die regte pad terug te lei.

92 "Managing student peer aggression: An Australian perspective on law and practice"
11 1999 *Education and the Law* 116.

93 Afhangende van die boelie se ouderdom.